# FEES VAN TABERNAKELS
# JAHUSHA, ONS TABERNAKEL

Die laaste fees wat JaHUaH die Israeliete opdrag gegee het om te onderhou, was die Fees van Tabernakels. Dit is ook die "Fees van Samekoms" genoem omdat dit aan die einde van die oestyd was. Dit word die "Huttefees" of die "Loofhuttefees" genoem omdat die Israeliete tydens die fees in hutte of skuilings geslaap het (Ex. 23:16; Deut. 16:16) .

Tydens die Loofhuttefees word die finale insameling van die oes gevier waarmee JaHUaH die mense vir die afgelope jaar geseën het. Die vrugte van die land is afgeoes sodat die mense nou kan rus van hul arbeid. Daarom was dit 'n tyd van groot blydskap.

Omdat die huttefees die laaste van die sewe feeste was, het dit die religieuse seisoen voltooi. Die getal sewe in die Woord verteenwoordig "voltooiing". Ons leer hieruit dat die Loofhuttefees die voltooide of afgehandelde werk van JaHUaH verteenwoordig in beide die teenswoordige tyd waarin ons leef en die lewens van individuele gelowiges. Dit stem dus ooreen met die laaste stap in ons wandel met Elohiem om geestelike volwassenheid te kan bereik en rus vir ons siele te kry. Dit is nie dieselfde as sondelose volmaaktheid nie. Ons sal dìt nooit kan bereik voordat JaHUsha nie teruggekom het nie.

Dit is egter 'n vlak van geestelike volwassenheid waarheen ons kan groei, sodat ons kan leer om in JaHUaH te rus vir wie Hy is en tevrede te wees met die omstandighede waarin ons ons mag bevind. Die apostel Paulus het hierdie toestand in sy eie lewe waargeneem. Hy was nie perfek nie, maar hy het volwasse geword sodat hy in JaHUaH 'n rusplek kon vind. Hy het aan die Filippense geskryf oor hierdie werk van Elohiem in sy lewe en gesê ...

> Fil. 3:12 Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Messias JaHUsha gegryp is.
> Fil. 3:13 Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie.
> Fil. 3:14 Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van Elohiem in Messias JaHUsha.
>
> Fil. 4:11 Nie dat ek dit uit gebrek sê nie, want ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is.
> Fil. 4:12 Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorvloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly.
> Fil. 4:13 Ek is tot alles in staat deur Messias wat my krag gee.

**Historiese agtergrond**

Kom ons lees nou die instruksies wat JaHUaH aan Israel gegee het aangaande die Fees van Tabernakels. Levitikus sê ...

> Lev. 23:33 En JaHUaH het met Moses gespreek en gesê:
> Lev. 23:34 Spreek met die kinders van Israel en sê: Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir JaHUaH.

Lev. 23:35  Op die eerste dag moet daar ‘n afgesonderde vierdag wees;  géén beroepswerk mag julle doen nie.
Lev 23:36  Sewe dae lank moet julle aan JaHUaH ‘n vuuroffer bring.  Op die agtste dag moet daar vir julle ‘n afgesonderde vierdag wees, en julle moet aan JaHUaH ‘n vuuroffer bring. Dit is ‘n feestyd; julle mag geen beroepswerk doen nie.

JaHUaH herhaal dan die opdrag en gee verdere instruksies ...

Lev. 23:39  Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die opbrings van die land insamel, moet julle die fees van JaHUaH sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit rusdag.
Lev. 23:40  En op die eerste dag moet julle vir julle vrugte neem van sierlike bome, met palmtakke en takke van digte bome en rivierwilgers, en sewe dae lank voor die aangesig van JaHUaH julle Elohiem vrolik wees.
Lev. 23:41  En julle moet dit as fees van JaHUaH sewe dae in die jaar vier. Dit is ‘n ewige insetting vir julle geslagte. In die sewende maand moet julle dit vier.
Lev. 23:42  Sewe dae lank moet julle in hutte woon; almal wat in Israel gebore is, moet in hutte woon,
Lev. 23:43  sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het. Ek is JaHUaH julle Elohiem.

Sien ook Numeri 29 vir 'n beskrywing van offers wat tydens hierdie fees gebring is.

Op die agtste dag was daar 'n spesiale sabbat, 'n Rusdag wat gekenmerk is deur baie blydskap.

Daar is twee aspekte aan die Loofhuttefees gekoppel.  Eerstens het dit teruggekyk na die veertig jaar toe Israel in die woestyn rondgedwaal het in skuilings of tabernakels.  Hulle moes altyd herinner word aan die gevolge van die omswerwinge van hul voorvaders, naamlik dit wat hulle ongeloof en ongehoorsaamheid teweeggebring het, maar dat dit slegs tydelik was. Tog, tydens hul omswerwinge, het Elohiem wat in hulle midde was in hulle behoeftes voorsien en Hy het hulle uiteindelik in die Land van Rus gebring soos wat Hy hulle beloof het.

As 'n konstante herinnering aan dit alles het JaHUaH Israel beveel om hutte of skuilings te bou om tydens hierdie fees in te woon.  So het die Israeliete elke jaar by die Loofhuttefees die nodige hout en takke versamel en 'n skuiling gebou waarin hulle sou woon tydens die fees.

Maar die Huttefees het ook vorentoe gekyk.  Die skuiling was so gebou dat die Israeliete deur die dak die hemel kon sien.  Dit sou hulle daaraan herinner dat hulle net pelgrims was wat deur hierdie lewe gaan en dat Elohiem in die toekoms nog 'n groter Rus vir hulle ingedagte het waar Hy permanent in hulle midde sal woon.

Die laaste Rus was hierdie hoop wat hulle voorvader Abraham gehad het.   Die skrywer van die boek van Hebreërs het hierna verwys en gesê ...

Heb. 11:8  Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as ‘n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.
Heb. 11:9  Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in ‘n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte.

Heb. 11:10  Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan Elohiem die boumeester en oprigter is.

**JaHUsha het die fees vervul**

JaHUsha Messias is die tabernakel of woonplek van Elohiem.  In Hom het die volheid van Elohiem gewoon (Johannes 1:14; Kolossense 2:9) en Elohiem woon in ons midde deur JaHUsha Messias (Mattheus 18:20). JaHUsha sal uiteindelik die Huttefees by sy wederkoms finaal vervul.  Daar sal letterlik rus vir die planeet aarde wees. Tot dan kan ons Sy rus in ons gees ervaar.

By 'n geleentheid het JaHUsha gesê: ...

Matt. 11:28  Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.
Matt. 11:29  Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele;
Matt. 11:30  want my juk is sag en my las is lig.

JaHUsha het beweer dat ons in Elohiem rus kon vind deur Hom.  Baie gelowiges soek JaHUaH se rus deur vir Hom te werk of iets van Hom te probeer kry.  Maar deur 'n persoonlike verhouding met JaHUsha Messias, is Hy ons rus.  JaHUsha gee ons nie lewe nie;  Hy is ons lewe.  Hy gee ons nie gesondheid nie;  Hy is ons gesondheid.  Hy gee ons nie die vrug en gawes van die Gees nie;  Hy is die vrug en gawes van die Gees.  Dit is eenvoudige manifestasies van Sy eie lewe.

Baie gelowiges betree nooit die rus van Elohiem nie, omdat hulle “dinge” by JaHUsha soek eerder as JaHUsha self.  Hulle soek seëninge eerder as diè Seën.  JaHUsha gee ons eintlik nie seën nie;  Hy is self ons Seën. Hy is alles wat ons ooit mag nodig kan hê, wil hê of kan hoop op.  Hy is ons Rus.  Sy rus is vir ons beskikbaar wanneer ons Hom toelaat om ten volle in ons midde as ons Meester te woon.  Dit word vir ons 'n werklikheid deur die Afgesonderde Gees, deur wie die lewe van JaHUsha Messias na ons en deur ons vloei.

Daar was twee Joodse rituele wat verband hou met die Huttefees, wat die verskil vir ons illustreer van om dinge by Elohiem te soek eerder as om Elohiem self te soek.  JaHUsha het hierdie rituele aangespreek.

Daar was eerstens die ritueel van die uitgooi van water.  Dit het plaasgevind op die laaste dag van die huttefees.  Hierdie dag word in Hebreeus "Hoshana Rabba" genoem, wat die dag van “die Groot Hosanna" beteken.  Hierdie Hebreeuse frase word vertaal as:  "red nou."

Die dag van die Groot Hosanna was die dag waarop die Jode veral sou bid vir Elohiem se verlossing via die Messias.  Die ritueel van die uitgieting van die water het 'n fisiese en geestelike betekenis vir hulle gehad. Die reënseisoen was besig om te begin en hulle het die reën nodig gehad om die grond sagter te maak om te kan ploeg.  In die lig hiervan het hulle 'n 'spesiale dankoffer' gemaak vir reën wat hulle verwag het dat JaHUaH hulle sou gee.  Maar geestelik het hulle die Messias nodig gehad wat hulle die lewende waters van sy Gees sou gee.

As deel van die ritueel sou 'n sekere priester met 'n goue kruik water uit die poel van Siloam trek.  Hy kom dan na die altaar by die tempel waar die hoëpriester die kruik sou neem en die water in 'n bak aan die voet van die altaar sou gooi.

Terwyl dit plaasvind, blaas die priesters op hulle trompette, en die Leviete en al die mense waai dan palmtakke terwyl hulle sing uit Psalm 113 - 118. Omtrent die tyd dat die water uitgestort word, sing hulle dan ...

> Ps. 118:25 Ag, JaHUaH, gee tog verlossing; ag, JaHUaH, gee tog voorspoed!
> Ps. 118:26 Geseënd is hy wat kom in die Naam van JaHUaH! Ons seën julle uit die huis van JaHUaH.

Dit was die vreugdevolste dag van die viering en die uitgiet van die water was die vreugdevolste oomblik van die dag. JaHUsha was juis daar om die fees te hou in gehoorsaamheid aan die torah. Net toe die vurigheid van die viering sy hoogtepunt bereik by die uitgieting van die water, gee JaHUsha toe 'n gewaagde uitspraak. Johannes was 'n ooggetuie daarvan en skryf ...

> Joh. 7:37 En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het JaHUsha gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!
> Joh. 7:38 Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.
> Joh. 7:39 En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Afgesonderde Gees was daar nog nie, omdat JaHUsha nog nie verheerlik was nie.

Met hierdie verklaring het JaHUsha gesê ....

> "Kyk na My en word gered. Ek is die groot Hosanna. Ek is jou redding. Ek sal die lewende waters van die Afgesonderde Gees gee aan almal wat my as die Tabernakel van Elohiem sal ontvang. "

Die ander ritueel was die Verligting van die Tempel. Tienduisende pelgrims wat na Jerusalem gekom het om die fees te hou, het elkeen 'n brandende fakkel gehad. Die hele stad is kilometers ver verlig. Ook dit het 'n fisiese en geestelike betekenis gehad. Baie sonskyn was nodig saam met die reën om 'n suksesvolle landbouseisoen te kon hê. Die Jode het Elohiem dan bedank vir die son wat nodig was vir die lewe van die oes. Hulle het ook erken dat Elohiem self die ware lig was (Psalm 27:1) wat hulle geestelike lewe deur die Messias sou gee.

Dit was tydens hierdie geleentheid dat JaHUsha nog 'n gewaagde stelling gemaak het wat verseker hul aandag getrek het. Johannes teken dit vir ons op ...

> Joh. 8:12 En JaHUsha het weer met hulle gespreek en gesê: Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.

By albei hierdie baie spesiale feesgeleenthede het JaHUsha op 'n duidelike en kragtige manier verkondig dat Hy die werklikheid is waarop hulle gewys het. Hy het gekom om hulle geestelike dors te bevredig en hulle geestelike lewe te gee. Tog het hulle Hom verwerp. Hulle verwerp Hom om twee redes. Die eerste rede is dat hulle hul godsdienstige rituele en tradisies meer liefgehad het as vir Elohiem. En tweedens was hulle meer geïnteresseerd in wat Elohiem polities vir hulle kon doen (om hulle van Rome te verlos) as vir wat Hy geestelik kon doen (om hulle van hulle sondes te verlos). Die gevolg was dat hulle die res gemis het wat JaHUsha hulle gebied het, nie net as 'n volk nie, maar ook wat elkeen se gees betref.

**Persoonlike toepassing**

Daar is 'n geestelike rus vir ons vandag sowel as 'n toekomstige hemelse rus. Die Hebreërskrywer verduidelik wat ons moet doen om hierdie rus binne te gaan. Hy begin deur ons daaraan te herinner dat JaHUaH vir die Israeliete rus gehad het, maar dat hulle dit nie kon aanvaar nie. Hy sê ...

> Heb. 3:7 Daarom, soos die Afgesonderde Gees spreek: Vandag as julle sy stem hoor,
> Heb. 3:8 verhard julle harte nie soos in die verbittering, in die dag van die versoeking in die woestyn nie,
> Heb. 3:9 waar julle vaders My versoek, My beproef het en my werke veertig jaar lank gesien het.
> Heb. 3:10 Daarom het Ek vertoornd geword op daardie geslag en gesê: Altyd dwaal hulle met die hart. Maar húlle het my weë nie leer ken nie,
> Heb. 3:11 sodat Ek in my toorn gesweer het: **Hulle sal in my rus nie ingaan nie**.

Dit was JaHUaH se begeerte om die Israeliete na hul beloofde Land van Rus te lei. Maar 'n hele generasie het dit nie reggekry nie. Hulle het in die woestyn gesterf weens ongeloof en ongehoorsaamheid wat deur 'n harde hart teen JaHUaH veroorsaak is.

Die skrywer waarsku ons dan teen dieselfde probleem. Hy sê ...

> Heb. 3:12 Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle ‘n bose en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende Elohiem afvallig word nie.
> Heb. 3:13 Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie.
> Heb. 3:14 Want ons het deelgenote van Messias geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou;

Ten slotte, by beklemtoning, word ons verder aangespoor deur nog 'n aanmaning ...

> Heb. 3:16 Wie was dit dan wat gehoor het en Hom verbitter het? Was dit nie almal wat onder leiding van Moses uit Egipte gegaan het nie?
> Heb. 3:17 En op wie was Hy veertig jaar lank vertoornd? Was dit nie op die wat gesondig het, wie se lyke in die woestyn geval het nie?
> Heb. 3:18 En aan wie het Hy gesweer dat hulle in sy rus nie sal ingaan nie, behalwe aan die ongehoorsames?
> Heb. 3:19 En ons sien dat hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie.

Simbolies is dit die Israeliete wat uit Egipte gekom het en in die woestyn gesterf het. Hulle was gered uit Egipte uit, maar hulle het nog nie die Rus van Elohiem binnegegaan nie (sien Numeri 14:19 - 23).

In die Skrif simboliseer Egipte die Wêreldsisteem. Die beloofde land verteenwoordig Elohiem se Rus. Die woestyn lê tussenin. As 'n persoon JaHUsha as Verlosser aanvaar, bevry JaHUaH hulle uit 'n soort geestelike Egipte. Ons kom uit Egipte op die oomblik dat ons die Messias in ons lewe ontvang. Maar Egipte (die wêreld se invloed) kom nie altyd so maklik uit ons uit nie, ten minste nie aanvanklik nie.

Net soos die Israeliete van ouds, sal ons as Gelowiges in die Messias nie Elohiem se rus in hierdie lewe kan geniet nie, tensy ons in liefdevolle vertroue en gehoorsaamheid met Hom wandel. U mag Sy rus in die hemel ervaar (die vooruitsiening van hierdie fees), maar u sal dit mis in die teenswoordige lewe.

JaHUaH wil hê dat ons Sy rus ook nou in ons siel moet ervaar deur 'n daaglikse wandel met Hom. Die eerste stap is om JaHUsha te aanvaar as die Paaslam wat vir ons sondes gesterf het. Op daardie oomblik wat ons die Messias in ons lewe ontvang, beleef ons dan 'n geestelike geboorte wat so dramaties is, dat JaHUsha daarvan gepraat het as 'om weer gebore' te word (Johannes 3:1 - 8). Ons sterf dan aan ons ou "eie ek" (Egipte in ons) deur die ou mens af te lê en die nuwe mens "aan te trek". Hierdie twee stappe is nodig om die karakter van Messias in ons te ontwikkel.

Gelowiges wat hierdie eerste stappe gegee het, is Pesag-gelowiges. Hulle het vrede "met JaHUaH" en die vrede "van JaHUaH". Maar hulle het nog nie die krag van JaHUaH as Elohiem ten volle ervaar nie. Hulle moet voortgaan met die vierde stap, naamlik ... Shavuot wat ook genoem word "Pinkster". Die Pinkster - ervaring stel die gelowige in staat om 'n effektiewe getuie te wees en om te dien in die krag van die Afgesonderde Gees. Maar die Pinkster-gelowige is net halfpad in die rus van JaHUaH. Hy of sy moet nog "Tabernakel-gelowiges" word. Ons moet almal leer hoe om geestelike aanvalle en die beproewinge van ons geloof te hanteer. Terwyl ons elkeen van hierdie stappe in vertroue en gehoorsaamheid aan JaHUaH neem, sal ons Sy bonatuurlike Rus in ons gees geniet.

**Seisoenale aspek**

Die Loofhuttefees kan ook verwys na die Millennium. Die woord is afkomstig van die Latynse woorde milli (duisend) en annum (jaar). Dit sal 'n tyd van groot vreugde wees, aangesien die gevolge van die vloek van sonde opgehef sal wees en Satan gebind sal word sodat die aarde die rus van Elohiem sal geniet.

Ons lees hiervan in die twintigste hoofstuk van Openbaring in die eerste ses verse ...

> Open. 20:1 En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand.
> Open. 20:2 En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank,
> Open. 20:3 en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.
> Open. 20:4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van JaHUsha en oor die woord van Elohiem, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Messias die duisend jaar lank.
> Open. 20:5 En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding.
> Open. 20:6 Salig en afgesonder is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van Elohiem en van Messias wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

Hierdie seisoenale rus van die Fees van Tabernakels word breedvoerig deur die Skrif beskryf, maar veral deur die Ou Testamentiese profete. Dit is die utopia waarna die mens so desperaat gestreef het, maar nooit kon bereik het nie.

Jesaja het uitgesien na hierdie tyd toe Hy geskryf het ...

> Jes. 51:11 So sal dan die losgekooptes van JaHUaH teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydskap sal hulle verkry; kommer en gesug vlug weg.

Maar dit is steeds nie die heel laaste rus wat JaHUaH vir ons het nie. Ons lees in Levitikus dat daar op die agtste dag 'n spesiale sabbat was. Hierdie dag was 'n dag van groot blydskap en stem ooreen met die nuwe hemel en nuwe aarde wat in Openbaring 21 en 22 beskryf word.

Johannes skryf ...

> Open. 21:1 En ek het ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.
> Open. 21:2 En ek, Johannes, het die afgesonderde stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van Elohiem uit die hemel, toeberei soos ‘n bruid wat vir haar man versier is.
> Open. 21:3 En ek het ‘n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van Elohiem is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en Elohiem self sal by hulle wees as hulle Elohiem.
> Open. 21:4 En Elohiem sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.
> Open. 21:5 En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.
> Open. 21:6 En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.

In hierdie verse sê Johannes dat JaHUaH sy woning vanuit die hemel na die hernude aarde sal oordra. Hy sal in ons midde woon en die gordyn toetrek oor die slothoofstuk van die mens se geskiedenis sedert die sondeval. Dan sal die ewigheid begin met JaHUaH wat te midde van Sy mense woon. Dit is die Finale Rus waarop ons almal wag.

Johannes gee hierdie laaste woord ...

> Open. 22:1 En hy het my getoon ‘n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van Elohiem en van die Lam.
> Open. 22:2 In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies.
> Open. 22:3 En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van Elohiem en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien.
> Open. 22:4 En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees.
> Open. 22:5 En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die JaHUaH Elohiem hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.

JaHUsha Messias alleen is ons vrede, ons krag en ons Rus!

0-0-0-0-0

Bron: "Jesus in the feasts of Israel" deur Richard Booker

AndriYaH
September 2021